**Dinsdag 19 April**

**Skrifgedeelte: Jesaja 46:1-9**
**Fokusgedeelte: Jesaja 46:4 (1983-vertaling)**

## Nooit uit die Here se hande geglip nie!

Soms lyk die afgode van ons tyd (materiële dinge, mag, ens.) nie na ’n te slegte opsie nie, soos wat die Here se volk in Babel sekerlik ook begin dink het. Dis immers darem tasbaar, verleen sekuriteit … vir die oomblik, in elk geval. Hier in Jesaja 46 waarsku én bemoedig die Here sy volk wat in die godverlate, moeilik ballingskapsomstandighede verkeer. Hy waarsku hulle dat afgode eintlik maar ’n nikswerd ding is – nutteloos en diens aan hulle tevergeefs! Trouens, mens kan (moet) meer vir afgode doen as wat hulle vir jou kan doen. In die oomblik van nood (wanneer die Persiese mag Babel aanval) sal Bel en Nebo (die twee belangrikste gode in Babel) net ’n las wees – mense sal die twee klipgekapte (dalk goudbedekte) gedroggies moet ronddra. En as húlle moeg geword het, word die beelde die vrag van moeë diere! Die Here bemoedig sy volk egter ook! Vir hulle wat op Hom bly vertrou, beteken dit verlossing! Teenoor die futiele heidense gode (en godsdiens) stel die profeet nou die God van Israel – dié wat nie *gedra word* nie, maar *wat dra*! Van die geboorte van die volk af, vandat die Here Abraham geroep het en uit hom ’n volk laat groei het … Jakob (en sy droewige geskiedenis) wat Israel geword het … dwarsdeur die woestyn het Hy hulle vasgehou en gedra! *Soos ’n man sy seun dra*, juig Moses (Deut. 1:31). Nou, in die aanblik van die toekoms (en gevare), na baie jare, moet hulle weet dat Hy steeds dieselfde Here is!

As die jare aanstap en die toekoms grou (en onseker) voor jou uitgestrek lê, as die ouderdom met sy grysheid (en skete en swakheid) vir jou aanbreek … en jy weet nie hoe vorentoe nie – kyk terug! Kyk terug op die Here wat jou gedra het van jou geboorte af, dwarsdeur jou lewe versorg het, vasgehou en getroos het! Hoor die woorde: *Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red.* Hiervan kan ons seker wees, omdat daar Iemand was wat *óns lyding op Hom geneem (het), óns siektes dié het Hy gedra* – Jesus Christus, ons Here!

*Sing: Psalm 33:11 (1936)*

*Dr. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*